Rapporteerbaar:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:
Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saak No: CA&R 44/2007**
**Datum aangehoor: 12/11/2007**
**Datum gelewer: 16/11/2007**

**In die saak tussen:**

**SectionI.1P JANSE VAN RENSBURG APPELLANT**

en

**SectionI.2**
**SectionI.3DIE STAAT RESPONDENT**
**SectionI.4**
**SectionI.5**
**SectionI.6Coram: Olivier R et Mokgohloa WnR**

# UITSPRAAK OP Appèl

**Olivier R:**

1. Die appellant is in die Landdroshof skuldig bevind op 'n aanklag van die oortreding van artikel 65 (1) van die Nasionale Padverkeerswet, 93 van 1996 (bestuur van 'n voertuig op 'n openbare pad terwyl hy onder die invloed van sterk drank was) en op 'n aanklag van die oortreding van artikel 61 (1) (d) van die gemelde Wet (versuim om die aard en omvang vas te stel van die skade wat in 'n ongeluk veroorsaak is). Die appellant is op hierdie aanklagte gevonnis tot, onderskeidelik, 'n boete van R4 000,00 of 6 maande gevangenisstraf en 'n boete van R500,00 of 2 maande gevangenisstraf.

2. Die appellant kom nou met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen beide sy skuldigbevindings. Dit is geykte reg dat 'n Hof van appËl slegs met

ŉ skuldigbevinding sal inmeng indien dit oortuig is dat die bevinding inderdaad verkeerd is (sien **S v Francis** 1991 (1) SASV 1989 (A) op 204d-f en **Mnyandlu v S** [2006] 4 All SA 146 (Tk)). Dit is ewe geyk dat ŉ Hof van appËl ook nie ligtelik met ŉ verhoorhof se geloofwaardigheidsbevindinge sal inmeng nie (sien **S v Hadebe and Others** 1997 (2) SACR 641 (SCA) op 645e-f).

3. Die aanklagte het voortgespruit uit ŉ voorval toe die appellant, wat blykbaar ŉ polisiebeampte was, gedurende die aand van 18 Januarie 2006 op ŉ openbare grondpad tussen die dorpsgebied van De Aar en die skougronde met sy privaatvoertuig in ŉ botsing betrokke was met die stilstaande voertuig van mnr Nana.

4. Die landdros het bevind dat die appellant ten tye van die voorval onder die invloed van sterk drank was en dat sy bestuursvermoë daardeur aangetas is. Ek is hoegenaamd nie oortuig dat hierdie bevinding van die landdros verkeerd was nie.

5. Dit is so dat daar, wat betref die vraag of die appellant onder die invloed van sterk drank was, tot ŉ mate botsende weergawes van staatsweë aangebied is.

6. Konstabels Young en Esau, beide natuurlik kollegas van die appellant, se weergawes was dat die appellant vir hulle nugter voorgekom het. Inteendeel, volgens Young sou die appellant nie eers na drank geruik het nie.

7. Ek vind veral Young se getuienis maar taamlik verdag. Dit is vir my onduidelik hoe hy op die toneel beland het. Alhoewel hy verwys na ŉ "*berig*" van ŉ ongeluk wat hy sou gekry het terwyl hy aan diens was, gee hy dan later te kenne dat hy die persoon was wat die botsing rapporteer het. Waar sou die berig dan vandaan gekom het?

8. Interessant genoeg, het dit geblyk dat Young ŉ selfoon by hom gehad het en was Nana se getuienis dat dit vir hom ook voorgekom het asof die appellant ŉ selfoon by hom gehad het op die stadium toe hy besig was om die toneel te verlaat.

9. Young is verder die persoon wat, alhoewel hy opdrag gegee is om ŉ

bloedmonster van die appellant te verkry en sekerlik daarvan bewus moes gewees het dat tyd van belang was en dat die appellant ook nie die geleentheid moes kry om alkohol in te neem voor die neem van die bloedmonster nie, op sy eie weergawe bewustelik toegelaat het dat die appellant vir 'n lang tyd buite sy sig en beheer was en dat 'n geruime tyd gesloer is met die neem van die bloedmonster.

10. Young se getuienis dat die appellant nie na drank geruik het nie, lyk ook verdag. Op die appellant se eie weergawe het hy vroeër bier gedrink. Hy het ook beweer dat hy in die huis, en voor hy weggeneem is vir die neem van 'n bloedmonster, brandewyn gedrink het. Young was tog saam met die appellant by die geneesheer, en hy was ook voor dit by die huis in die teenwoordigheid van die appellant, en 'n mens wonder hoe hy nooit enige reuk van drank by die appellant sou bespeur het nie.

11. Young se getuienis in hierdie verband is ook strydig met dié van die appellant se eie geneesheer, wat tydens die ondersoek met die neem van die bloedmonster aangeteken het dat die reuk van alkohol "*middelmatig*" waarneembaar was.

12. Wat Esau betref, is dit duidelik dat hy die appellant vir die eerste keer gesien het toe die appellant alreeds by die geneesheer was, en ook alreeds mediese behandeling ontvang het.

13. Inspekteur Stevens, eweneens 'n kollega van die appellant, se getuienis was dat die appellant "*was mos nou nie dronk persoon nie*". Sy getuienis is ook ongelukkig maar redelik verdag.

14. In die eerste plek blyk dit nÍrens uit die oorkonde dat Stevens ooit die appellant gedurende die betrokke aand gesien het nie; minstens nie voordat die appellant vir die bloedmonster geneem is nie.

15. Verder is Stevens 'n persoon wat, as 'n polisiebeampte wat al die rang van 'n inspekteur beklee het, en wat deur Nana voorsien is van inligting tot die effek dat die appellant onder die invloed van drank was, die vreemde opdrag gegee het dat 'n bloedmonster van die appellant verkry moes word, maar dat hy nie gearresteer moes word nie; dit terwyl Stevens daarop attent gemaak is dat die verdagte besig was om die toneel vir 'n tweede keer te verlaat.

16. Stevens het ook, nadat hy op ŉ bottel beslag gelÍ het waarin nog drank was en wat volgens Nana deur die appellant weggegooi is voordat hy die toneel verlaat het, versuim om die betrokke bottel te laat nagaan vir vingerafdrukke.

17. Van heelwat meer belang, is egter die getuienis van die gemelde geneesheer, dr Theron, wat die appellant se persoonlike geneesheer was en wat in sy getuienis toegegee het dat hy die appellant ook "*persoonlik*" geken het. Sy getuienis was dat die appellant onder die invloed van drank was; soos wat hy dit spontaan gestel het: "*... hy was onder die invloed, maar nie erg nie ...*".

18. Dr Theron het ondermeer bevind dat daar ŉ fyn *nystagmus* by die appellant teenwoordig was en het getuig dat dit ŉ teken was daarvan dat die appellant onder die invloed van drank was.

19. In betoog namens die appellant is verwys na die beslissing van **S v Conradie** 2002 (2) SACR 386 (C), waar daar getuienis gelewer was dat ŉ stamp teen die kop ook tot *nystagmus* kon lei. In die onderhawige geval was daar geen sulke getuienis nie en dr Theron is eenvoudig nooit daaroor uitgevra nie. Daar kon tog seker nie van die verhoorhof verwag gewees het om bevindinge te maak op grond van getuienis wat in ander sake aangebied is nie.

20. Dr Theron het in elk geval ook getuig dat die appellant se hoë polsslag ŉ verdere aanduiding daarvan was dat hy onder die invloed van drank was.

21. Verder was dit op die getuienis baie duidelik dat die appellant, nadat sy voertuig tot stilstand gekom het en hy besef het dat hy teen Nana se voertuig vasgery het, meerdere bottels in die veld en bossies ingeslinger het voordat hy van die toneel weggehardloop het, een van welke bottels nog gevind is met ŉ hoeveelheid alkohol in. Waarom sou hy dit gedoen het as hy heeltemal nugter was en om 17:00 die middag laas alkohol ingeneem het?

22. Dan is daar die feit dat, volgens ŉ ontleding van ŉ bloedmonster, die bloedalkoholpresentasie daarvan 0.11gr/100ml was. Dit blyk baie duidelik uit die getuienis dat dit die bloedmonster van die appellant was. Heelwat

gewag is gemaak van ʼn teenstrydigheid in die staatsaak met betrekking tot of die bloedmonster die aand in die kluis by die polisiestasie geplaas is en of dit inderdaad aan ʼn speurder (Deetlefs) oorhandig is.

23. Dit blyk egter duidelik dat die bloedmonster behoorlik gemerk en verseël by die laboratorium aangekom het en of dit intussen in ʼn kluis geplaas was aldan nie lyk nie vreeslik belangrik nie (sien **S v Du Plessis** 1972 (4) SA 31 (A) en **S v Jantjies en ʼn Ander** 1993 (2)SACR 475 (A) op 479e).

24. Ook is gewag gemaak van die feit dat, volgens dr Theron, die houer waarin die bloedmonster geplaas is niks bevat het voordat die bloed daarin gedeponeer is nie, terwyl in die verslag van die laboratorium verklaar is dat die bloedmonster "*contained sufficient sodium fluoride to prevent any formation of alcohol*".

25. Daar is nie getuienis oor of die teenwoordigheid van so ʼn middel in die houer opsigtelik sou gewees het nie. Dr Theron kon in elk geval ook nie eers meer onthou of hy sy eie naald gebruik het en of hy gebruik gemaak het van een wat die polisie aan hom voorsien het nie.

26. Boonop lui die verslag juis dat die betrokke stof die vorming van alkohol sou verhoed het.

27. Gewag is ook gemaak van die tyd wat sou verloop het tussen die voorval en die verkryging van die bloedmonster en daar is aangevoer dat die Staat nie bewys het dat die bloedmonster binne twee ure geneem is nie (sien **artikel 65 (3) van die Nasionale Padverkeerswet, 96 van 1993**). In hierdie verband is gewys op Nana se onsekerheid oor die presiese tyd van die voorval en op dr Theron se getuienis, waarvolgens hy eers te kenne gegee het dat hy die bloedmonster so teen 22:50 geneem het en later weer dat dit so teen 23:00 of 23:05 kon gewees het.

28. Mnr Nana se getuienis oor die tyd van die voorval was dat dit in die omgewing van 21:00 plaasgevind het. Volgens Young het hy om 21:42 gehoor van die botsing en volgens Esau is hy al om 21:40 van die botsing verwittig.

29. Die feit is dat Nana se getuienis was dat hy feitlik dadelik die polisie gebel het en dat, alhoewel hy gesukkel het, hy hulle wel in die hande gekry het.

Die polisie was op alle aanduidings betreklik kort na die voorval op die toneel.

30. Ek meen dat die aanduidings eerder is dat die ongeluk iewers ná 21:00 gebeur het. Dit is duidelik dat Nana die tyd bloot geskat het.

31. In hierdie verband is die getuienis van konstabel Matha, wat geroep is om namens die appellant te getuig, van baie belang. Sy was aan diens as aanklagkantoorbevelvoerder en volgens haar het die appellant self telefonies rapporteer dat die ongeluk om 21:35 plaasgevind het.

32. Selfs al sou dr Theron die bloedmonster dus eers om 23:05 geneem het, sou dit op die appellant se eie saak binne die voorgeskrewe twee uur periode geval het. Inteendeel, volgens konstabel Matha is die bloedmonster alweer om 23:25 teruggebring deur Young, wat selfs ook binne die twee ure sou gewees het (indien haar getuienis korrek sou wees dat Young die bloedmonster na die aanklagkantoor gebring het).

33. Sou Young en inspekteur Deetlefs reg wees, aan die ander kant, daaroor dat Young die bloedmonster direk na Deetlefs geneem het dieselfde aand (en nie eers na die aanklagkantoor toe nie), is Deetlefs se getuienis dat hy die bloedmonster by sy huis ontvang het om 23:38 ook geredelik versoenbaar daarmee dat die bloedmonster binne twee ure na 21:35 (toe die ongeluk volgens die appellant se eie rapport sou plaasgevind het) geneem sou gewees het.

34. Mnr van Heerden het glad nie met konstabel Matha se getuienis gehandel in sy betoogshoofde nie. Hy het, toe ek dit met hom opgeneem het in argument, egter betoog dat, omdat Matha ook getuig het dat sy die inskrywing om 21:35 gemaak het, sy waarskynlik ‘n fout begaan het in die aantekening van die tyd van die ongeluk. Sy argument was dat die tyd van die botsing en die tyd van die maak van die aantekening in die voorvalleboek nie dieselfde kon wees nie.

35. Matha se getuienis oor die tyd van die ongeluk is egter duidelik. Sy het getuig dat die appellant self gerapporteer het dat dit om

21:35 plaasgevind het.

36. Mnr van Heerden het verder verwys na die appellant se pleitverduideliking, waarvolgens hy eers vanaf die toneel van die botsing na die huis van ene inspekteur Ben is en toe vandaar die polisie van die voorval in kennis gestel het. Mnr van Heerden het aan die hand gedoen dat dit sou aandui dat daar 'n geruime tyd tussen die ongeluk en die rapportering aan die polisie moes verstryk het en dat Matha se aantekening oor die tyd van die ongeluk 'n fout moet wees.

37. Die probleem is egter, eerstens, dat hierdie nie getuienis is nie. Dit is beweringe in 'n pleitverduideliking wat nooit onder eed herhaal is nie.

38. Verder is dit so dat, in elk geval, dié argument strydig is met die getuienis van die appellant se eie getuie en die appellant se regsverteenwoordiger het nooit destyds vir konstabel Matha gevra hoe die tyd van die aantekening en die tyd van die ongeluk dieselfde kon wees nie.

39. Die appellant, wat soos reeds gemeld verkies het om nie te gaan getuig nie, wil nou hÍ dat daar in sy guns bespiegel moet word oor hoeveel tyd kon verstryk het tussen die ongeluk en die tyd wat hy die oproep na Matha gemaak het. Hy is nie hierop geregtig nie. Hy is die enigste persoon wat sou weet hoeveel tyd (indien enige noemenswaardige tydsverloop) kon verstryk het tussen die plaasvind van die ongeluk en die rapportering deur hom daarvan aan konstabel Matha en hy het nie van die geleentheid gebruik gemaak om dit onder eed te verduidelik nie (sien **S v Nzimande** 2003 (1) SACR 280 (O) op 283I – 284A).

40. ŉ Aspek waarvan heelwat gewag gemaak is namens die appellant, is die getuienis van dr Theron dat die appellant tydens sy ondersoek teenoor hom sou beweer het dat hy ná die voorval tuis alkohol ingeneem het.

41. Die landdros het die houding ingeneem dat hierdie hoorsÍ-getuienis was wat

ontlok is tydens die kruisverhoor, namens die appellant, van dr Theron, maar het in elk geval ook vlugtig gehandel met die waarde en geloofwaardigheid van die betrokke getuienis.

42. Dit is so dat die persoon van wie se geloofwaardigheid hierdie getuienis sou afhang, naamlik die appellant, nie getuig het nie. Die landdros se indruk dat die getuienis deur die appellant se regsverteenwoordiger ontlok is, is egter verkeerd. Dit was inderdaad die aanklaer wat, nog in hoofondervraging van dr Theron, dié getuienis ontlok het deur die volgende vraag:

"D*okter, die verdediging se saak is verder na die ongeluk het die beskuldigde 'n halwe, 'n stewige halwe brandewyndop gedrink en toe u hom nou vra oor sy vrywillige verklaring aangaande sy alkoholgebruik gedurende die afgelope 24 uur het hy melding gemaak vir dokter daaromtrent?"*

43. Daarna het die aanklaer selfs verder gegaan en dr Theron ondervra oor waarom hy nie in sy verslag 'n aantekening daarvan gemaak het nie.

44. Dit maak 'n wesenlike verskil. Vir soverre die aanklaer nie hiermee in elk geval duidelik toegestem het tot die toelating van die getuienis nie, kan hy hom in elk geval nie daaroor bekla nie (vergelyk **S v Waldeck** 2006 (2) SA 120 (NC)).

45. Ek meen dat, afgesien daarvan dat dit vreemd is dat dr Theron so 'n belangrike brokkie inligting nie sou aangeteken het op die toepaslike vorm nie (waar hy tog die appellant se mededeling oor die bier wat hy vroeër gedrink het, aangeteken het), die waarde van hierdie inligting weinig kan wees.

46. Dr Theron het getuig dat die appellant hom nie gesÍ het wat en hoeveel hy gedrink het nie. Belangriker nog, dr Theron is nooit uitgevra omtrent die effek, indien enige, wat selfs die "*stewige dop brandewyn*" waarna verwys is in die appellant se pleitverduideliking sou kon gehad het op die bloedalkohol-presentasie, en op die vermoede geskep in artikel 65(3) van die Wet, nie. Geen grondslag is eers van die kant van appellant gelÍ vir presies hoe lank voor die neem van die bloedmonster die drank na bewering ingeneem is nie.

47. In die omstandighede meen ek nie dat dr Theron se getuienis

omtrent hierdie mededeling van die appellant enigsins kon bygedra het tot die weerleggingslas geskep in artikel 65(3) van die Wet nie.

48. Wat betref die vraag of die appellant se bestuursvermoë deur die drank aangetas is, meen ek eweneens dat die landdros se bevinding nie vatbaar is vir kritiek nie.

49. Dit blyk duidelik dat die appellant sy voertuig in die rondte laat tol het vir geen ander verklaarbare rede as dat hy onder die invloed van drank was nie. Daarna het hy teen sodanige hoë spoed in die rigting van Nana se voertuig beweeg dat laasgemelde dit nodig geag het om te poog om sy voertuig uit die pad te kry, maar te laat was.

50. Alhoewel dit blyk dat Nana se voertuig in die padoppervlak gestaan het, op die ryvlak aan die kant van aankomende verkeer (soos die appellant se voertuig), is Nana se getuienis dat hy die hoofligte daarvan gedomp aangelaat het, nooit afgekraak nie.

51. Die pad was nie ŉ snelweg, soos in die beslissing van **S v Raleni** 2001 (2) SACR 295 (T) waarna namens die appellant verwys is, nie. Dit was ŉ grondpad met draaie. Die 30 m lange remmerke sou ook aanduidend wees daarvan dat die appellant onder die heersende omstandighede (in die nag) en op die betrokke oppervlak vinnig gery het. Die impak tussen die twee voertuie was ook toe, ten spyte van die lang remmerke, hewig en beide voertuie is sodanig beskadig dat hulle later vanaf die toneel verwyder moes word.

52. Teen die agtergrond van al hierdie getuienis het die appellant verkies om nie te gaan getuig nie en ek meen nie dat hy hom in die omstandighede kan bekla oor die afleidings wat die landdros uit die enigste beskikbare getuienis gemaak het nie.

53. Of Nana nalatig was om sy voertuig in die pad te laat, is natuurlik nie deurslaggewend met betrekking tot die vraag of die appellant roekeloos of nalatig bestuur het (of onder die invloed van drank bestuur het) nie. Die vraag onstaan in elk geval waarom die appellant, indien hy van mening was

dat die enigste oorsaak van die botsing Nana se nalatigheid was en dat daar niks geskort het met sy bestuursvermoë nie, van die toneel weggehardloop het, en ook waarom hy, toe hy en sy vader en 'n vriend teruggekeer het, nie daar en dan aangedring het op die arrestasie van Nana nie, maar eerder weer die toneel verlaat het.

54. Wat aanklag 2 betref, het die landdros eweneens nie die voordeel van die appellant se weergawe gehad nie.

55. Die appellant het verkies om in hierdie verband te steun op die getuienis van Nana dat die appellant, nadat sy voertuig tot stilstand gekom het, uitgeklim het, van langs sy voertuig af in die rigting van Nana se voertuig gekyk het en geswets het voordat hy die toneel te voet verlaat het.

56. Dit is duidelik dat dit donker was op die toneel. Die polisie moes byvoorbeeld in die veld met 'n flitslig soek na die bottels wat die appellant weggegooi het.

57. Luidens die bepalings van artikel 61(1)(d) van die Nasionale Padverkeerswet moes die appellant die "*aard en omvang*" van die skade vasgestel het. Die blote besef dat daar 'n botsing was en skade was, sou tog sekerlik nie voldoende kon wees nie.

58. Ek kan my nie vir 'n oomblik indink dat 'n blik op die ander voertuig wat in die ongeluk betrokke was, sou neerkom op voldoening aan hierdie bepalings nie. Hoe sou die appellant op hierdie wyse, byvoorbeeld, die omvang van die skade kon vasgestel het? Hoe sou hy, byvoorbeeld, geweet het of Nana se voertuig nog kon aangeskakel word en bestuur word?

59. Na my oordeel sou dit darem seker minstens wees wat die wetgewer verwag het van 'n persoon in die posisie van die appellant. Die appellant het in elk geval ook glad nie gepoog om te kom verduidelik wat die skade was wat hy met daardie oomblik se betragting sou waargeneem het nie.

60. Daar is geen aanduiding dat die appellant eers probeer het om Nana se skade van naderby te betrag nie. Dit is duidelik dat hy besef het hy was in 'n redelik ernstige botsing betrokke, dat hy onder die invloed van drank was en nog drank in sy voertuig ook gehad het en dat hy, soos wat Nana tereg gesÍ het, net sou gou as moontlik van die toneel wou wegkom.

61. Alhoewel dit baie duidelik is dat die appellant nie werklik hulp gaan soek het of die toneel moes verlaat het om hulp te bekom of om die ongeluk te rapporteer nie, sou dit in elk geval nie ŉ rede gewees het vir sy versuim om eers die aard en die omvang van die skade vas te stel nie (sien **R v Tomlinson** 1953 (2) SA 13 (SR)).

62. Ek het tydens die aanhoor van argument my teleurstelling uitgespreek met die wyse waarop praktyksnotas in kriminele appËlle hanteer word, en met die swak gehalte van die betoogshoofde namens die respondent. Uit gesprekke met van my kollegas het dit geblyk ook hulle ervaring te wees. In die hoop dat my opmerkings teenoor die advokate die gewenste uitwerking gaan hÍ, gaan ek egter nie nou verder in hierop nie en gaan ek nie op hierdie stadium hierdie aspek verder neem nie.

63. In die omstandighede meen ek dat die appËl nie kan slaag nie en word die volgende bevel gemaak:

**Die appèl misluk en beide die appellant se skuldigbevindings word bekragtig.**

______________________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam:**

_____________________________

**F E MOKGOHLOA**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Appellant:** | **Adv C F van Heerden** |
| **In opdrag van:** | **Joseph & van Rensburg, De Aar** |
| | |
| **Nms Respondente:** | **Adv M G W Baganeneng** |
| **In opdrag van:** | **Direkteur van Openbare Vervolging** |